basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD12

## REKENINGKUNDE V2

## NOVEMBER 2020(2)

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). Let wel: As syfers aangedui in memo vir komponente of bewerkings, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Hierdie memorandum is nie vir verspreiding in die publiek nie' omdat sekere items dalk verkeerd gehanteer is. Aanpassings is gemaak a.g.v. sekere vrae
8. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
10. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
11. In bewerkings, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
12. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige vir enige item wat foutief is nie, ten minste gedeeltelik. Dui aan met 'n ☒.
13. Wees bedag daarop dat party kandidate geldige alternatiewe buite die memorandum verskaf. Neem kennis dat een kommentaar meer as een aspek kan aanspreek
14. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1

### 1.1 BTW

1.1.1

| | Bewerkings | Antwoord |
|---|---|---|
| (a) | 89 700 – 78 000 | 11 700 ✓ |
| (b) | 12 400 X 15% of 15/100<br>een punt vir beide syfers slegs as alle bewerking en geen ander bewerkings gedoen nie<br>& as daar geen finale antwoord is | 1 860 ✓✓ |
| (c) | 210 X 115/15 **OF** 1 400 + 210<br>een punt vir beide syfers slegs as alle bewerking en geen ander bewerkings gedoen nie<br>& as daar geen finale antwoord is | 1 610 ✓✓ |
| (d) | 149 500 twee punte<br>(158 700 – 9 200) ✓✓ x 15/115 ✓<br>**OF** 20 700 -1 200<br>twee punte een punt | 19 500☑<br>moet x by 15/115<br>& een deel korrek |

**9**

1.1.2

**Lewer kommentaar op hierdie praktyk en gee Amahle raad.**

| KOMMENTAAR ✓✓ | RAAD ✓ |
|---|---|
| deelpunte vir onvolledige / onduidelike/ gedeeltelike antwoorde | |
| • Oneties om geld te gebruik wat nie deur die onderneming verdien is nie om lopende / bedryfskoste te betaal<br>• Die onderneming is 'n agent vir SAID en moet betalings gereeld doen<br>• Die onderneming kan beboet (gepenaliseer word) vir nienakoming / vermyding/ manipulasie/uitstel van BTW betaling<br>• Dit kan lei tot 'n meer intensiewe ondersoek in die toekoms vir ongerymdhede<br>• Dit is oorrol van kontant; wat kan eskaleer tot 'n groter probleem | • Hou behoorlik rekord/ verseker dat daar altyd fondse beskikbaar is vir betalings<br>• Neem kennis van indien datums en beplan betyds.<br>• Gebruik slegs ondernemings geld om ondernemings verpligtinge te betaal/ Werk binne die begroting. |

**3**

## 1.2 KREDITEUREVERSOENING

Aanvaar hakies vir negatiewe bedrae of Dt (-) en Kt (+) in die KG en Dt (+) en Kt (-) in die staat

**1.2.1**

| | Krediteuregrootboek-rekening van Thembeka Verskaffers in die Boeke van Ekasi Handelaars | Rekeningstaat van Thembeka Verskaffers |
|---|---|---|
| **Saldo** | **117 200** | **157 400** |
| **(a)** | – 49 100 ✓ | |
| **(b)** | | 13 100 – 10 300 + 2 800 ✓✓ Geen deelpunte |
| **(c)** | + 12 500 ✓ | |
| **(d)** | | – 6 400 ✓ |
| **(e)** | – 9 700 – 9 700 een punt een punt –19 400 ✓✓ | |
| **(f)** | | – 92 600 ✓ |
| | 61 200 ☑ * | 61 200 |

Beide totale: kontroleer. Moet beginsaldo's insluit kan verskillende bedrae wees
- 1 vir vreemde items per lyn indien 'n punt verdien is op die lyn (bv. max kan -6 wees)
Aanvaar ten volle korrekte antwoorde op verkeerde lyn

**9**

**1.2.2** **Wat behoort die eienaar aan Bradley oor hierdie insident te sê? Verduidelik TWEE punte.**

Enige TWEE geldige verduidelikings✓✓ ✓✓
deelpunte vir onvolledige / onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

Moet nie diefstal of ontslag/ onttrekkings as 'n verduideliking aanvaar nie

- Hy behoort nie misbruik maak van sy posisie in bestuur nie / misbruik van gesag / moontlike botsing van belange
- Dit kan gesien word as verkeerd ( bv oneties of slinks)
- Teen ondernemingsbeleid bv alle transaksies moet gemagtig en gedokumenteer word/ ondermyn interne kontrole
- Hy moet die geld terugbetaal; hy kan 'n rekening oopmaak met die onderneming oopmaak en die goedere koop.
- Hy kan vooraf met die eienaar onderhandel vir 'n spesiale prys of kosprys
- Hy is onderhewig aan dissiplinêre aksie (waaarskuwing) en dit kan sy goeie reputasie skaad
- Opskorting / waarskuwing van ontslag/ posvermindering / sal oorweeg word (indien weer gebeur)

**4**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| 25 |

## VRAAG 2

### 2.1 PERFECT FIT VERVAARDIGERS

### 2.1.1 PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2021

Vir misplaaste items ken deelpunte toe, nie vir bewerkings maar nie vir antwoord nie

| | |
|---|---|
| **Direkte materiaalkoste** 1 575 000 + 75 000 | 1 650 000 ✓☑<br>een deel korrek |
| Direkte arbeidskoste — Primêre koste– DMK | 900 000 ☑ |
| **Primêre koste** | **2 550 000** |
| **Fabrieksbokoste**<br>een punt een punt<br>- 117 600 + 98 000<br>(117 600 x 5/6) – 117 600<br>518 800 ✓ + 16 800✓✓ – 19 600 ✓✓<br>25 200 x 2/3 of 25 200 – 8 400 | 516 000 ☑<br>een deel korrek |
| **Totale vervaardigingskoste** — Primêre koste + FBK | 3 066 000 ☑ |
| Goedere-in-bewerking (begin) | 230 000 ✓ |
| | 3 296 000 |
| **Goedere-in-bewerking (einde)** — TPK – sub-totaal hierbo<br>Vir hakies kontroleer op bewerking pos of neg is | (104 000) ☑<br>Moet nie 230 000 aanvaar nie |
| **Totale koste van produksie** — 7 600 x R420 | 3 192 000 ✓✓<br>geen deelpunte |

**14**

### 2.1.2

| **Bereken: Bruto wins verdien met verkoop van hemde** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| Sien 2.1.1<br>4 860 000✓ – (342 000✓ + 3 192 000☑ – 168 000✓ )<br>3 366 000 drie punte 400 x 420<br><br>**OF**: (900 x 220) + (7 200 x 180)<br>een punt een punt een punt een punt<br>198 000 twee punte 1 296 000 twee punte<br><br>OOK: Aanvaar grootboekrekening | 1 494 000 ☑<br>een deel korrek<br>Moet verkope –kvv wees<br><br>Tweede metode:<br>Moet 2 bondels wees |

**5**

| **Bereken: Winsopslag-% op hemde behaal** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| Sien 2 .1 .2 hierbo<br>$\frac{1\ 494\ 000}{3\ 366\ 000}$ x 100 sien 2.1.2<br>(342 000 + 3 192 000 – 168 000)<br><br>Kontroleer korrekte oordrag van totale hierbo<br>X 100 is nie deel van 'een deel korrek nie' vir metode punt nie<br><br>**OF**: 3 366 000 x ((100 + y100) = 4 860 000 y=44,4% | 44,4%<br>☑☑<br>Een deel korrek<br>Moet wees BW ÷ kvV<br>Tekens nie nodig |

**2**

## 2.2 LEATHER VERVAARDIGERS BEURSIES:

**2.2.1**

| **Bereken die gelykbreekpunt vir beursies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021.** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| R936 000 ✓<br>R295 ✓– R255 ✓<br>R40 twee punte | 23 400 eenhede ☑<br>een deel korrek<br>Moet vastekoste÷ bydrae wees<br>Mag nie R, c, % ens wees nie<br>Aanvaar eenhede as geen ander teken nie |

**4**

**2.2.2**

**Lewer kommentaar op die vlak van produksie bereik en die gelykbreekpunt vir beursies vir 2021. Haal syfers aan.**

**Verpligte antwoord:** moet nie opsionele opsies nasien as punte verdien by verpligte antwoorde

Vergelyking GBP tot produksie vir 2021✓ ✓ Syfers ✓ ✓

**Opsionele antwoorde:** Maks twee punte in totaal(sien slegs een opsie na)

Vergelyking **GBP** van 2021 met 2020 maks twee punte

**OF:** Vergelyking van **produksie** van 2021 met 2020

**Verwagte antwoorde vir 4 punte**:

- Die onderneming produseer 600 eenhede meer as gelykbreekpunt/wins op 600 eenhede/ R24 000 ekstra wins
- GBP in vergelyking met produksie toon 'n wins op 600 eenhede in 2021 in vergelyking tot 'n wins op 1 100 eenhede in 2020/ vermindering in winste van 500 eenhede (1 100 – 600) in 2021 in vergelyking met 2020

**Verwagte antwoorde vir 2 punte in totaal**:

- Produksie styg met 2 000 eenhede (24 000 – 22 000)/ tot 24 000 eenhede/ met 9% terwyl die GBP verhoog met 2 500 eenhede (23 400– 20 900) /tot 23 400 / met (12%);

**4**

**2.2.3**

**Behalwe inflasie en loonverhogings, gee TWEE ander moontlike redes vir die toename in die direkte arbeidskoste per eenheid vir beursies.**

TWEE geldige redes ✓✓ ✓✓ Verduideliking nie nodig

- Oortyd teen hoër tariewe aanbeveel of toegestaan / Bonus vir goeie optrede of ekstra tyd/ onderhandel hoër byvoordele/ Mikpunte nie bereik met gewone tyd /oortyd was nodig om mikpunte te bereik
- Lae produktiwiteit van werkers (nie produktief of effektief nie)
- Onderbrekenings (agv wanfunksionele masjienerie / beurtkrag /COVID-19 grendeltyd
- Hoër kwalifikasies van werkers/ groter vaardighede werkers indiens geneem.
- Swak opgeleide werkers/ gebrek aan toesig / tyd verlore deur oordoen van werk

Moet nie aanvaar: Neem meer werkers indiens (hulle effektiwiteit is die probleeem / toename in aanvraag

**4**

**2.2.4**

**Gee TWEE redes vir die vermindering in die direkte materiaalkoste per eenheid vir beursies.**

Enige TWEE geldige redes ✓ ✓

- Goedkoper (nuwe) of plaaslike verskaffers gebruik
- Het voordeel geneem grootmaat kortings/ korting onderhandel
- Beter toesig/ minder vermorsing/ beter kontrole oor die uitreik van materiaal
- Beter sny metodes / gebruik 'n patroon of tegnologie//beter opgeleide werkers/beter opleiding van werkers
- Goedkoper transportkoste/petrolkoste/ gebruik eie vervoer

**2**

**BAADJIES:**

**2.2.5** **Verduidelik waarom die direkte materiaalkoste per eenheid vir die baadjies waarskynlik sou verhoog as grondstowwe ingevoer sou word. Noem TWEE punte.**

TWEE geldige punte ✓ ✓

- Addisionele / toename in vervoerkoste bv vraggeld, skeepsvrag
- Hoë kwaliteit materiaal nie plaaslik beskikbaar nie
- Doeaneregte /invoerregte /belasting
- Beter verpakking
- Verskillende/ swak wisselkoerse.

2

**Verskaf syfers om te bewys dat Tello reg was oor die uitwerking wat hierdie besluit op die koste van die baadjies sou hê.**

Direkte materiaalkoste per eenheid verhoog (van R180) tot R360/ ✓ met 100%/ met R180 /dit verdubbel ✓ ( Let wel: kon die effek op totale Verandelike Koste noem)

2

**2.2.6** **Bereken die % toename in die verkoopprys van baadjies.**

| Bewerkings | Antwoord |
|---|---|
| 1 170 – 780<br>$\frac{390}{780}$ ✓✓ x $\frac{100}{1}$<br>X 100 is nie deel van 'een deel korrek' vir metode punt nie | 50% ☑<br>een deel korrek<br>moet as % uitgedruk word<br>teken nie nodig<br>verskil in VP moet die noemer wees |

3

**2.2.7** **Verduidelik die impak van die toename in die verkoopprys van baadjies op die verkope en wins. Haal syfers of berekeninge aan.**

EEN rede ✓✓ deelpunte vir onvolledige / onduidelike/ gedeeltelike antwoorde syfers ✓ ✓

- Eenhede geproduseer en verkoop verminder met 2 719 eenhede / (van 6 350 – 3 631) / met 42,8%
- Die GBP verminder met 1 250 eenhede / van 5 000 tot 3 750 / met 25%
- Maak 'n verlies op 119 eenhede in 2021 en 'n wins op 1 350 eenhede in 2020/ verkope val van R4 953 000 tot R4 248 270/ met R704 730/ met 14,2%

**Vir kandidate wat die omgekeerde syfers in GBP/Produksie gebruik het**

- OF 1 250 eenhede minder / van 5 000 – 3750/ met 25%
- OF 2 719 eenhede minder/ van 6 350 – 3631/ met 42,8%
- OF Maak en 'n wins op 119 eenhede in 2021/verlies op 1 350 eenhede in 2020/ verkope verhoog van R 3 900 000 tot R4 387 000/ met 487 500/ met 12,5%

4

**2.2.8** **Tello wil die wins op baadjies met 'n addisionele R250 000 in die volgende finansiële jaar verhoog. Neem aan dat die kostestruktuur dieselfde bly en bereken die totale getal addisionele eenhede wat hy moet vervaardig om hierdie doelwit te bereik.** LW sien hierdie vraag onafhanklik van 2.2.7 na

| Bewerkings | Antwoord |
|---|---|
| $\frac{250\ 000✓}{470\ ✓✓}$ Aanvaar 4 163 twee punte – 3 631 een punt<br>1 706 250 + 250 000) ÷470<br>170 – 700<br>**Alternatief: Vir kandidate wat die omgekeerde syfers in GBP/Produksie gekies het bv maw van verlies na wins beweeg. Moet nie penaliseer as vorige veerlie gebruik/nie gebruik**<br>**OF:** 532 +119 **OF:** $\frac{250\ 000 + 55\ 930}{470}$<br>**OF** : Gebruik die GBP berekeninge om die eenhede te bereken<br>Aanvaar 4 163 twee punte - 3 750 een punt<br>(1 706 250 + 250 000) ÷470 | 532 eenhede ☑<br>een deel korrek<br>**OF** : 651 eenhede<br>Aanvaar desimale syfers<br>**OF**: 413 eenhede<br>Aanvaar desimale syfers |

4

| TOTALE PUNTE |
|---|
| 50 |

## VRAAG 3

### 3.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE VIR MAART TOT MEI 2021

*een deel korrek

| MAANDE | KREDIET-VERKOPE R | MAART R | APRIL R | MEI R |
|---|---|---|---|---|
| **Januarie** | **204 750** | **16 380** | | |
| **Februarie** | **250 250** | **125 125** | **20 020** | |
| **Maart** | **364 000** | **136 864** | **182 000** | 29 120 ✓✓ |
| **April** | **409 500** | | **153 972** | 204 750 ✓✓ |
| **Mei** | 500 500 ✓✓ | | kredietverkope x 40% x 94% | 188 188 ☑☑ Askr vx 0,376 |
| | As nie getoon word nie geen punte op finale antwoord | **278 369** | **335 992** | 422 058 ☑ Bewerking* |

9

### 3.2 BEDRAE VIR KONTANTBEGROTING

| | Bewerkings | Bedrag |
|---|---|---|
| **(a)** | **Kontantverkope vir April**<br>✓ ✓<br>630 000 x 35%<br>**OF** 630 000 – 409 500<br>April kredietverkope<br>**OF:** 630 000 **– 409 500** (een punt, een punt) **OF:** 360 000 x 175/100 x 35% (( een punt ) een punt)<br>**OF:** 409 500 x 35/65 (een punt, een punt) | R220 500✓<br>akkuraatheid punt om deelpunt strydigheid te akkommodeer<br>**3** |
| **(b)** | **Toename in lening van Janet Bloom**<br>(2 625 – 1 365)<br>✓ ✓ ✓<br>1 260 ÷ 0,09 x 12<br>Wee bedag op verskillende bewerkingsmetodes<br>**OF** 1260 X 100 / 9 x 12<br>**OF** 1 260 x 12 / 9%<br>twee punt een punt<br>**OF** 350 000 – 182 000<br>(2 625 / 0,09 x 12) – (1 365 / 0,09 x 12) | ☑*<br>R168 000<br>Een deel korrek<br>**4** |
| **(c)** | **Salarisse vir April 2021**<br>22 400 x 3/2 x 105%<br>✓ ✓ ✓<br>**OF:** 11 760 x 3<br>22 400/ 2 x 1,05<br>**OF: (11 200 + 22400)**<br>As aanvaar word die ekstra assistant het nie die 5% verhoging gekry nie sal die antwoord soos volg wees:<br>22 400 x 105%<br>23 520 + 11 200 = 34 720<br>Twee punte een punt eenmpunt<br>Wees bedag op ander kombinasies of syfers bv R 1 120, R23 520, R33 600 | ☑*<br>R35 280<br>Een deel korrek<br>**4** |
| **(d)** | **Huuruitgawe vir Maart 2021**<br>✓ ✓<br>39 960 x 100/111 **OF** (39 960 ÷ 111% **OF** 39 930 ÷1,11<br>**OF** 39 960 – 3960 | 36 000☑*<br>Een deel korrek<br>**3** |

14

**3.3 Verduidelik die besluite wat die direkteure met betrekking tot die begrote en werklike uitgawes vir advertensies in Mei 2021 geneem het. Haal syfers of berekeninge aan.**

Verduideliking op begroting ✓ Syfers ✓ Verduideliking op werklike verkope✓ Syfers✓

Verwagte antwoord vir 4 punte:

- Die Advertensie begroting is verhoog met R18 000 /( van R12 000) tot R30 000 / met 150%.
- Werklike uitgawe op Advertensie oorskry die begroting met R12 000 / van R30 000 tot 42 000/ met 40%

4

**Die direkteure vra jou vir 'n verslag oor die invloed wat die besluite oor advertensies werklik op kliënte en verkope in Mei 2021 gehad het.**

**Verskaf TWEE punte wat jy by jou verslag sal insluit. Haal syfers of berekeninge aan.**

Verduideliking op klante ✓ Syfers ✓ Verduideliking op verkope✓ Syfers ✓

Verwagte antwoorde vir 4 punte:

- **Klante:** Die werklik was 135/ (25 meer as die verwagte 110) / 22,7% meer/ die onderneming het 'n toename van 20 klante/ begroot vir 22,2% toename in klante, maar werklike toename (April tot Mei) is 50%
- **Verkope**: Die werklike verkope was minder as begroot met R80 000 (van R77 000) tot R690 000 met 10,4%

**4**

**Verduidelik hoe die afname in die nasionale ekonomie die gemiddelde bedrag wat klante in Mei 2021 gespandeer het, gehad het. Haal syfers aan.**

EEN verduideliking ✓ met syfers ✓ ✓

**Verwagte antwoorde vir drie punte:**

- Die gemiddelde verkope is begroot teen R7 000 per klant maar dit het egter geval tot R5 111 per klant (690 000/135);
- Dit blyk dat die toename in advertensie baie meer nuwe klante (25) gelok het wat nie dieselfde koopkrag as die bestaande klante het nie/ verkope per klant verminder (hulle spandeer R5 111 ipv R7 000 elk)
- Meer klante herstel hul rokke eerder as om nuwes te koop. Fooi inkomste oorskry begroting met R 6 000 (R21 000 – R15 000)/40%. Verkope van nuwe rokke was R80 000 onder die begroting (10,4%)

**Verwagte antwoord vir een punt:**

Baie klante mag dalk "window- shopping" doen/ baie spandeer nie meer soveel as voorheen nie/meer koop op krediet

**3**

**Lewer kommentaar daarop of die verbruiksgoedere goed beheer is, of nie. Haal syfers of berekeninge aan.**

**Antwoorde vir twee punte:** Kommentaar wat wys dat verbruiksgoedere gebruik was goed beheer in vergelyking met fooi inkomste ontvang, met enige syfers verskaf

**Antwoord vir een punt**: Kommentaar wat wys dat verbruiksgoedere oorspandeer was sonder om dit te vergelyk met fooi inkomste ontvang, met enige syfers verskaf

**Verwagte antwoord vir geen punt**: Kommentaar wat wys dat verbruiksgoedere oorspandeer is sonder om dit te vergelyk met fooi inkomste ontvang, sonder syfers

**Verwagte antwoord vir volpunte**: Sien kommentaar en syfers onafhanklik na

- Verbruiksgoedere is begroot teen 28% (R4 200 ÷ R15 000) van fooi inkomste, terwyl werklik spandeer 26% van werklike fooi inkomste was (R5 520 ÷ R21 000).
- Verbruiksgoedere oortref die begroting met 31,4%/ met R1 320 (R5 520 – R4 200) terwyl die fooi inkomste die begroting oortref met 40%/ met R6 000 (R21 000 – R15 000)

**2**

**3.4** **Bereken die vermindering van die oppervlakte gehuur (in vierkante meter).**

| Bewerkings | Antwoord |
|---|---|
| Vermindering in huur = R39 960 – 31 968 = R7 992<br>39 960 /120 $m^2$ = 333<br>Vermindering in oppervlakte = R7 992✓ ÷ R333✓✓<br>twee punte<br>**OF**: 120 – (R31 968 ÷ 333) (96, twee punte)<br>twee punte<br>**OF**: 120 x 20 % (R7 992/R39 960) | ☑ *<br>24 $m^2$<br>een deel korrek antw moet $m^2$ teken nie podig<br>as finale ant R333 of 96 $m^2$ slegs twee punte |

**4**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| 40 |

## VRAAG 4

### 4.1

Aanvaar herkenbare afkortings

| | |
|---|---|
| **4.1.1** | Geweegde gemiddeld ✓ |
| **4.1.2** | EIEU ✓ |
| **4.1.3** | Spesifieke Identifikasie ✓ |
| **4.1.4** | Deurlopende stelsel ✓ |

**4**

### 4.2 LOTUS BYKOMSTIGHEDE

**4.2.1**

**Bereken: Waarde van die eindvoorraad vir gaslampe (volgens EIEU)**

| Bewerkings | Antwoord |
|---|---|
| (220 – 40) (180✓✓ x R80✓) + (270 – 180) ( 90 ☑ x R75✓)<br>R14 400 drie punte as dit optel na 270 R 6 750 twee punte | R21 150 ☑*<br>een deel korrek<br>moet twee groepe wees |

**6**

**Bereken: Die voorraadhoudingstydperk in dae vir gaslampe (gebruik eindvoorraad).**
* een deel korrek: 365 word nie gesien as ' een deel korrek nie'

| Bewerkings | Antwoord |
|---|---|
| Gebruik totale:<br>21 150 ☑ sien hierbo / (12 650 ✓ + 193 500 ✓ – 3 200 ✓ – 21 150 ☑ sien hierbo) x 365<br>181 800 (40 x 80) | 42,5 dae ☑ *<br>Moet met 365 x<br>een deel korrek<br>aanvaar 42 43 dae |
| **OF:** Gebruik eenhede:<br>270 een punt / 2 180 vier punte x 365 | **OF**<br>45,2 dae<br>Aanvaar 45 dae |
| **OF:** 270 / (230 + 2 750 – 40 – 270) x 365<br>or 2 940 – 270<br>2 670 | **OF**<br>36,9 dae<br>Aanvaar 37 dae |
| **OF:** 270 / (230 + 2 770 – 40 – 270) x 365<br>or 2 960 – 270<br>2 690<br>Antwoord moet in dae getoon wees, maar 'dae' hoef nie genoem te word nie | **OR**<br>36,6 dae<br>Aanvaar 37 dae |

**6**

**4.2.2**

**Alex vermoed dat die gaslampvoorraad nie goed beheer word nie. Bereken die aantal gaslampe wat vermis word.**

| Bewerkings | | Antwoord |
|---|---|---|
| Een punt in totaal<br>230 + 2 750 - 40<br>2 940✓ – 2 180✓ – 270 ✓ | Een punt in total<br>230 + 2 770 – 40<br>2 960 – 2 180 – 270 | 490 ☑<br>een deel korrek<br>OF 510 |

**4**

**4.2.3**

**Wat moet Alex aan sy broer sê wanneer hy hierdie aangeleentheid hanteer? Verskaf TWEE punte.** Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

deelpunte vir onvolledige/ onduidelike/ gedeeltelike antwoorde

- Sy aksies is oneties/onwettig/diefstal;benadeel winsgewendheid van onderneming;
- Sê hom dat hy kan ontslaan word/dissipliênere aksie
- Hy moet sy broer vergoed vir die verlies
- Dit is botsing van belange/ trek voordeel omdat hy familie is/verryk homself ten koste van die onderneming en moet dit stopsit
- Hy behoort nie spesiale behandeling te verwag nie en is onderhewig aan die reëls en prosedures van die onderneming.
- Alle vooraadbewegings moet geboekstaaf word verklaar
- Uitset BTW nie oorbetaal aan SAID (wat 'n kriminele oortreding is)

**4**

**4.2.4**

| **Bereken die waarde van die eindvoorraad vir gasstowe op 30 April 2021 (met gebruik van die spesifieke identifikasiemetode).** | |
|---|---|
| **Bewerkings** | **Antwoord** |
| 59 400 + 13 860<br>280 – 132<br>(148✓ x R495✓)<br>73 260 twee punte<br>+<br>42 000 + 32 200<br>160 – 54<br>(106✓ x R700✓)<br>74 200 twee punte | R147 460 ☑*<br>*een deel korrek<br>Moet 2 modelle wees |

**5**

**4.2.5**

**Alex dink dat hy die verkoop van gasstowe moet staak aangesien dit likiditeitsprobleme veroorsaak en die winste laag is. Verskaf syfers om sy mening te staaf.**

Enige geldige mening ✓ Syfer ✓

Moontlike antwoorde:

wees bedag op kandidate wat slegs op een model fokus/ syfers sal verskil

- Te veel kontant vas in voorraad, R147 460 sien 4.2.4
- Totale wins op gasstowe is laag R54 060 (R38 940 + R15 120)
- Lae omsetsnelheid/ slegs 186 eenhede verkoop, van 440 beskikbaar (42,3%).
- Te veel voorraad voorhande, 254 eenhede.

**2**

**Verduidelik TWEE punte om hom te oortuig om NIE handel in gasstowe te staak NIE.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓

deelpunte vir onvolledige/ onduidelike/gedeeltelike antwoorde

- Hy bereik 'n 60% wins op B-Lite en 'n 40% wins op Smart.
- Hy kon sy winsopslag verminder om verkope te verhoog (gesien in die lig van die status van die ekonomie en sy klante).
- Hierdie voorraad items is duursaam en kan in die toekoms verkoop word.
- Die neiging is om na gas oor te gaan a.g.v. beurtkrag – die vraag sal in die toekoms toeneem.
- Klante mag dalk nie bewus wees dat hy hierdie produkte verkoop nie/ hy moet wyer en meer adverteer.
- ‘n Verskeidenheid van voorraad sal meer klante trek
- Gas is goedkoper as elektrisiteit

**4**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| **35** |

**TOTAAL: 150**